# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## LEWENSORÏENTERING

## GRAAD 9

## 17 NOVEMBER 2022

**PUNTE: 70**

**TYD: 1 UUR 30 MINUTE**

**INSTRUKSIES**

1. Lees instruksies aandagtig deur
2. Skryf netjies in die spasie wat voorsien word
3. Afdeling A en B is verpligtend, kies TWEE vrae uit Afdeling C

**Naam en van** ______________________________

**Graad 9** __________

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye**

**Afdeling A**

**Vraag 1**

**Kies die korrekte antwoord en onderstreep die mees gepaste antwoord.** **(5)**

1.1 Die volgende faktore behoort jou loopbaankeuses te bepaal :

A. Geld en bevordering

B. Geld en persoonlike belange

C. Persoonlike belangstellings en vermoëns

D. Vermoëns en politieke klimaat

1.2 Om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf, word die volgende vereis:

A. Sewe vakke van jou keuse

B. Twee verpligte en vyf keusevakke

C. Vier keuse- en drie verpligte vakke

D. Vier verpligte en drie keusevakke

1.3 Wat is die doel om 'n vrywilliger te wees?

A. Om bevrediging in 'n mens se lewe te verkry

B. Om die kwaliteit van jou lewe te bevorder of te verbeter.

C. Om 'n inkomste te verdien

D. Om die lewenskwaliteit in jou gemeenskap te verbeter

1.4 Vrywilligersorganisasies word in Suid-Afrika benodig, want:

A. ons het te veel NRO's in SA

B. die regering gee nie om vir sy burgers nie

C. vrywilligers woon in die gemeenskap wat hulle dien

D. die regering kort befondsing en hulpbronne om aan al die behoeftes van die mense te voldoen

1.5 Doelwitstelling vir lewenslange leer

A. sal jou help om graad 9 te slaag

B. bestaan uit langtermyn- en korttermyndoelwitte

C. is 'n persoonlike langtermyndoelwit

D. verwys na ambisie om jou doelwitte te bereik

**Vraag 2**

**Definieer die volgende konsepte** **(5)**

2.1 Volhoubare ontwikkeling

___

___

___

2.2 Selfverdediging

___

___

2.3 Gesinsgeweld

___

___

___

2.4 Sportetiek

___

___

___

2.5 Tersiêre studies

___

___

___

(5)

**Vraag 3**

**Pas Kolom A by Kolom B. Skryf slegs die korrekte LETTER in Kolom C.**

**(5)**

| **Kolom A** | **Kolom B** | **Kolom C** |
|---|---|---|
| 3.1 Seksuele aanranding | A. Luister | |
| 3.2 Boelies | B. Jou hele lewe lank aanhou leer | |
| 3.3 Negatiewe konflik bestuur | C. Om 'n persoon lastig te val | |
| 3.4 Probleem oplossingsvaardigheid | D. Om uitgesluit te word van die groep en sy aktiwiteite | |
| 3.5 Lewenslange leer | E. Om met geweld te dreig | |
| | F Om vergewensgesind te wees | |
| | G Ontkenning | |
| | H Deurlopende leer tot die ouderdom van agtien | |
| | I. Om iemand te dwing om aan 'n seksuele aktiwiteit deel te neem | |

**VRAAG 4**
**Die Covid-pandemie – wat het ons daaruit geleer?**

**Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

Die Covid-pandemie wat Suid-Afrika in Maart 2020 getref het, het 'n verwoestende uitwerking op die lewens van alle Suid-Afrikaners gehad, veral die lewens van leerders.
Daar word beraam dat baie Suid-Afrikaanse leerders ongeveer 75% skooltyd in hierdie tyd verloor het.
Leerders kon vir lang tye nie skool bywoon nie en hul lewens is sporadies ontwrig deur skielike sluitings toe nuwe vlakke van inperkings aangekondig is.
Die lewens van baie duisende benadeelde leerders is ontwrig weens voedingskemas wat nie by skole kon voortgaan nie. Baie leerlinge het beperkte tot geen toegang tot elektroniese toestelle en data nie. Dit het ook 'n toename in die mishandeling van kinders veroorsaak.

4.1 Skryf VIER negatiewe gevolge wat die Covid-pandemie op die lewens van Suid-Afrikaanse leerders gehad het. (4)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.2 Watter negatiewe impak het die Covid-pandemie op leerders gehad wat gewoonlik honger skool toe kom? (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.3 Dink jy dat die gebrek aan elektronika en data behoeftige / arm leerders meer benadeel as ander leerders? Motiveer jou antwoord in 3 sinne (4)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

[10]

## AFDELING B

**Vraag 5**

**Kies die woorde in die ovaalvorm om by die definisie hieronder te pas**

Belofte
Gemeenskapsgebaseerde    Voordele
Volhoubare ontwikkeling    Vrywilligerswerk
Nie-winsgewende    Geloofsgebaseer
Nie-regerings

5.1 ____________________ is die aanbieding van jou dienste om die gemeenskap te bevoordeel sonder om enige beloning te verwag.

5.2 ____________________ organisasies is gewoonlik groepe vrywilligers, wat in 'n samelewing werksaam is, en fokus op die spesifieke behoeftes van die mense in die omgewing.

5.3 __________________ organisasie werk nie om geld te maak nie. Hul bestee al die geld wat hul maak om die gemeenskap te dien.

5. 4 _____________________ ___________ is die idee dat projekte nie net moet handel oor die voorsiening van die huidige generasie se behoeftes nie, maar wees ook besorg oor die behoeftes van toekomstige geslagte.

5.5 ____________________ is 'n ernstige bevestiging/aanduiding dat 'n mens iets op 'n aanvaarbare wyse sal doen.

[5]

**Vraag 6**

**Identifiseer die volgende vorme van mishandeling. Kies uit die tekskassie hieronder.**

| |
|---|
| Finansiele mishandeling, verbale mishandeling, self-verminking, fisiese mishandeling, self-verwaarlosing, seksuele mishandeling, emosionele mishandeling |

6.1 Waar 'n individu hom-of haarself pyn aandoen.

______________________________________________

6.2 Hy gebruik krag om pyn of besering aan 'n ander persoon te veroorsaak.

____________

6.3 Om 'n persoon te dwing om aan enige seksuele aktiwiteit teen sy of haar wil deel te neem.

____________

6.4 Enige gedrag wat 'n slagoffer bedreig en intimideer, die slagoffer se selfbeeld ondermyn of die slagoffer se vryheid beheer. ________________

6.5 'n Vorm van emosionele mishandeling wat die gebruik van taal behels om 'n persoon te dreig of te demoraliseer. ____________ [5]

## VRAAG 7

**Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg**

**"Niks soos 'n goeie klap nie"**



Tasnim het 'n SMS van haar vriendin Sandi gekry: Ontmoet my agter die klubhuis, moet praat. "Sy het Sandi gekry, haar oë bloedbelope. Toe sug Sandi diep: "Jy ken vir Sonny van die tweede span?" Tasnim knik. Sy weet die twee het uitgegaan. "Wel, dit het begin soos om speletjies te speel. Ons het mekaar se name genoem en ek het hom geterg oor sy "ore soos radarskerms", toe raak hy meer persoonlik oor my ... Hy wou hê ek moet daardie styfpassende rompe dra. Jy weet. Ek kon julle nie met julle kuier, of waag om met Daniel te gesels nie. Sonny het net kwaad geraak. Ons het gespee, maar Sonny speel rof, hy maak my seer. " Tasmin knik bekommerd. "Toe begin hy my klap, vir niks nie. Hy sê net: Niks soos 'n goeie klap om 'n meisie eerlik te hou nie." Gister het ons gespeel en hy … (sy snik) hy het kwaad geraak en my gedreig toe ek vir hom gesê het om op te hou. Nou, ek is … Ag nee, hier kom hy … " Sandi kruip weg.

7.1 Hoe sou jy "afspraakgeweld" definieer? (2)

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

7.2 Hoe het hul verhouding daardie wending geneem? Beskryf wat gebeur het. (4)

7.3 Watter raad sal jy as Tasnim vir Sandi gee om haar in hierdie verhouding te help? (4)

**Vraag 8**

**Skryf ten minste 5 riglyne oor etiese gedrag in sport, sodat jy jongmense aanraai om goeie gedrag te toon wanneer hulle sport kyk of daaraan deelneem. (5)**

**TOTAAL VIR AFDELING B – 25**

**Afdeling C**

**Beantwoord enige TWEE van die volgende DRIE vrae. Jy moet jou antwoord in 'n paragraaf en in volsinne skryf**

**Vraag 9**

Misdaad en geweld in ons land het 'n punt bereik waar baie Suid-Afrikaners voel dat misdadigers die land regeer, en baie het hul vertroue in die polisie verloor.

Skryf 'n paragraaf oor misdaad en geweld in die samelewing. Jy **MOET** na die volgende punte verwys in die beantwoording van jou vraag:

- Impak van geweld en misdaad op individue (3)
- Raad oor hoe om geweld en misdaad in jou lewe te verminder (4)
- Hoe kan jy die slagoffers van misdaad in jou gemeenskap ondersteun? (3)

[10]

| | | |
|---|---|---|
| Geen impak van geweld en misdaad nie 0 | Beperkte kennis van impak van geweld en misdaad 1-2 | Volle impak van geweld en misdaad genoem. 3 |
| Geen raad oor hoe om geweld en misdaad te verminder nie 0 | Onvoldoende advies oor hoe om geweld en misdaad te verminder 1-2 | Voldoende advies oor hoe om geweld en misdaad in jou lewe te verminder 3-4 |
| Geen ondersteuning vir die slagoffers van misdaad genoem 0 | Onvoldoende ondersteuning vir die slagoffers van misdaad 1-2 | Voldoende ondersteuning vir die slagoffers van misdaad 3 |

**Vraag 10**

Vrywilligerswerk is 'n verantwoordelikheid wat elke burger moet hê om die lewens van ander en die omgewing te verbeter.

Skryf 'n paragraaf oor vrywilligerswerk waarin jy die volgende punte bespreek:

- Bespreek maniere waarop ons kan bydra tot die verbetering van die lewens van die mense in ons gemeenskap. (3)
- Het leerders 'n verantwoordelikheid teenoor die minderbevoorregte leerders in hul skool? (3)
- Hoe kan jy 'n "vrywilliger" in jou eie huis wees? (4)

[10]

| | | |
|---|---|---|
| Geen maniere waarop ons kan bydra tot die verbetering van lewens nie | Beperkte maniere waarop ons kan bydra tot die verbetering van lewens 1-2 | Bevredigende maniere waarop ons kan bydra tot die verbetering van lewens 3 |
| Geen kennis oor verantwoordelikheid teenoor die minderbevoorregte leerders nie 0 | Onvoldoende kennis van verantwoordelikheid teenoor die minderbevoorregte leerders 1-1-2 | Voldoende kennis van verantwoordelikheid teenoor minderbevoorregte leerders 3 |
| Geen melding van vrywilligerswerk by die huis nie 0 | Onvoldoende vermelding van vrywilligerswerk by die huis 1-2 | Voldoende vermelding van vrywilligerswerk by die huis 3-4 |

**Vraag 11**

**Wêreld van werk**
**Befondsing van jou studies nadat jy Graad 12 voltooi het.**

Skryf 'n paragraaf waarin jy redes bespreek waarom studente befondsing vir hul studies benodig na voltooiing van hoërskool en enige befondsingsopsies vir studente om hul tersiêre studies te finansier. [10]

| | | |
|---|---|---|
| Geen rede waarom studente befondsing benodig wat deur kandidaat genoem word nie. 0-1 | Beperkte redes waarom studente befondsing benodig wat deur kandidaat genoem word 2-3 | Bevredigend redes waarom studente befondsing benodig wat deur kandidaat genoem word 4-5 |
| Geen kennis van befondsingsopsies vir studente om hul tersiêre studies te finansier nie. 0-1 | Onvoldoende kennis van verantwoordelikheid teenoor die minderbevoorregte leerders 2-3 | Voldoende kennis van verantwoordelikheid teenoor minderbevoorregte leerders 4-5 |

**Vraag 11**

________________________________________________________________

# GROOTTOTAAL: 70 PUNTE